Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2023-05-29

Geagte Ouers

NUUSBRIEF 8/2023

Algemeen

Leerderkonsert: Baie dankie dat u ons leerderkonsert so mooi ondersteun het. Kaartjies vir al drie vertonings was uitverkoop. Ons het ‘n vierde vertoning oorweeg, maar weens al die siek en moeë leerders het ons dit liewer nie gehou nie. Ek is seker dat u ook met verwondering ons leerders op die verhoog dopgehou het. As konsertspan het ons onderwysers onder leiding van die fasehoof vir kultuur, mev. Maryna Meyer en die leerders baie moeite gedoen om die konsert aan te bied. Ek is baie trots op hulle. Weereens geluk met u kinders en dankie vir die samewerking ten opsigte van al die logistieke reëlings voor- en tydens die konsert.

Skoolbemarking: Ons het u hulp nodig om te verseker dat ouers hul kinders by ons skool inskryf. Daarom hou ons grondslagfase op Saterdag 10 Junie hul jaarlikse ***“Warrior Race***” op die rugbyveld vir alle 4-9-jariges. Die verrigtinge begin om 09:30 in die klubhuis en sluit ‘n skattejag deur die skoolgrond asook opwindende hindernisse, wateraktiwiteite en kosstalletjies in. Die ***“Warrior Race”*** dien as bemarkingsgeleentheid / “ope-dag” vir voornemende grondslagfase leerders en hul ouers. Moedig asb. u vriende of mense wat u van weet wat ‘n skool vir hul kinders oorweeg om hierdie dag by te woon.

Stulting Klerewinkel: Neem asb. kennis dat die verkoopsure tydens die eksamen tot aan die einde van die kwartaal aangepas word. Die ure is as volg: M*aandag tot Vrydag: 11:00 – 12:00*.

Stulting Algemene Kantoor: Die kantoor word op ‘n daaglikse basis oorweldig deur ouers wat skooltake, sportklere, toebroodjies, ens.... tydens skoolure by die kantoor aflaai. Ons versoek u om dit nie te doen nie aangesien dit geweldig baie admintyd in beslag neem. Kom ons leer eerder ons kinders verantwoordelikheid deur daagliks hul eie benodighede te onthou.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Akademie

Eksamenreëlings: Die Gr. 7-leerders begin Donderdag 1 Junie met hul eksamen. Die Gr. 4-6-leerders begin Dinsdag, 6 Junie. Alle eksamens eindig op Donderdag 15 Junie.

Skoolure: Die skoolure word tydens die eksamen tot aan die einde van die kwartaal aangepas. Die hele skool (Gr. RR-7) verdaag vanaf 1 Junie om 12:00.

Sport

Rugby - Aloe Cup: Ons o/11 rugbyspan neem vanaf 22-24 Junie deel aan die Aloe Cup op Jeffreysbaai. Hierdie spelers sal almal briewe ontvang met die nodige inligting vir die toernooi.

Skaak: Bruce Myburgh en Anrico Moolman het aan die Sarah Baartmanproewe deelgeneem. Albei het gekwalifiseer om die komende naweek aan die OP Skaakproewe in Oos-Londen deel te neem.

Kultuur:

ATKV-redenaars: Ses (6) van ons leerders het Saterdag 20 Mei by HS Framesby deelgeneem aan die 2de rondte van die ATKV redenaarskompetisie. Amé Spangenberg is deur na die finale rondte (nasionaal) wat plaasvind 17 en 18 Aug by Goudini Spa ATKV-oord. Franku van Niekerk, Annemie Botes en Zelné Millard het in die top 10 geëindig. Veels geluk!

SACOPA-drama: Amé Spangenberg het aan die SACOPA-drama kompetisie deelgeneem en provinsiale kleure vir drama verwerf. Sy is gekies as deel van die nasionale span wat gaan deelneem in Oktober in Rustenburg.

Sang: Loulouve Bredell het aan die “Talent Africa”-kompetisie deelgeneem en het sopas haar Oos-Kaap kleure vir Uitvoerende Kunste (SANG) ontvang. Veels geluk!

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF